SAN NGOZI (PTY)LTD
BELLA VISTA PLAAS
POSBUS 119
KLAWER
8145

Hiermee wil ek graag my hartlike dank oordra aan julle almal by Ecosoil.

Eerstens baie dankie vir julle flinke diens. Vandat ek die dag geskakel het om inligting oor jul produk in te win, het ek nog nooit rede gehad om te twyfel oor jul produk, jul diens of om my te kom sien nie (afgesien hoe vêr ons van mekaar is). Die installering, my voorraad se lewering elke maand, die manier waarop admin hanteer word - julle diens is onoortreflik.

Dit is `n bietjie gou om te oordeel, ek gebruik die produk maar net n paar maande, maar ek ken my mango bome, en hulle is gelukkig. Die nuwe groei oortref duidelik die van vorige jare. Die drag is defnitief baie beter en vruggrootte ook. Die houvermoë sal ons na die oes kan bepaal. Dit is nog te gou om wortelgroei te oordeel.

Ek weet oor `n jaar sal ek nog meer vol lof wees en beveel julle produk aan sover ek gaan.

Weereens baie dankie aan almal by Ecosoil.

Die bestuurder
Freddie Koegelenberg